

sê jy nog so? ---Ja.

Jy het vanoggend gesê jy weet nie hoekom die mense gegrief is dat hulle verplig word om in die eetkamer te eet nie? --- Wat was die eerste vraag? Sal u dit herhaal, asseblief? Wat het ek gesê?

Jy het vanoggend gesê jy weet nie hoekom die mense ontevrede was omdat hulle verplig word om in die eetkamers te eet nie? --- Nou- kom met die eerste vraag wat u aan my gestel het. Wat was dit? Wat het ek gesê?

Dat dit een van die oorsake is van die opmars? --- Ja.

Wil jy nou regtig vir my sê dat 'n klomp mense in die middel van die nag gaan Pêrel-toe loop met 'n klomp wapens en hulle gaan mense doodmaak en dit alles omdat hulle in die eetkamer moet eet?

DIE KOMMISSARIS: Is dit nou reg om dit aan hom só te stel? Hy het gesê dit is een van die oorsake.

KRUISVERHOOR HERVAT: Een van die redes daarvoor is dat hulle in die eetkamer moet eet? --- Ek het dit nie so gesê nie.

Wat het jy dan gesê? --- Ek het gesê wat ek sien, wat die ding gemaak het tot waar dit gewees het - hoe die ding gegroei het.

Wil jy nou werklik sê dat die feit dat hulle in die eetsaal moet eet, is enigins 'n beduidende rede vir die groei van 'n organisasie wat met wapens in die Pêrel inloop om 'n klomp mense dood te maak? --- Ek het gesê van die begin af, toe die mense verwyder was van Bo-Pêrel en daar op die oop veld gegooi is in daardie modder - die mense wat in Daljosaphat se lokasies gewoon het, het toe aangesluit by die Kongres om iemand te kry wat

'n verteenwoordiger vir hulle kan wees.

Sien, jy is gevra op bladsy 848 - jy het gesê "Maar ek kan nou sien daar is iets wat gemaak het dat dinge sō ver gegaan het". Toe is jy gevra, "Wat is die 'iets'?" toe sê jy "Ek dink dat die mense arresteer en beboet is"? ---Ja.

So, jy wil nou vir ons werklik kom sê dat die rede hoekom dit sō ver gegaan het dat mense 'n opmars na Pêrel wil maak, is omdat die inwoners beboet is as hulle in hul huise eet? --- As 'n ding begin groei, groei hy van 'n baie, baie klein ding. Dan word hy groot. Maar ek sal nie kan sê die rede waarom mense na Pêrel gegaan het, is omdat hulle kos wou gehad het nie.

Jy sien, ek sou gedink het as hulle sō gegrief was daaroor, sou hulle lievers die eetsaal gaan afbrand het of aangeval het? --- Ja?

Die tweede rede wat jy gegee het, is dat die mense na die Hof gegaan het en getuënis afgelê het dat hulleASSE gekoop het en nogtans is die asptenare onskuldig bevind? ---Ja.

Het enigiemand wat aan die opmars deelgeneem het, vir jou gesê dit is 'n rede daarvoor? --- Nee, ek sê dit is wat ek dink. Ek sal verder gaan om te sê in die Hof, gedurende die verloop van daardie verhoor, as 'n getuë geroep is, as hy in die getuëbank inkom was daar 'n persoon wat daar gesit het en die persoon se naam neerskryf - die persoon wat getuënis aflê.

Wie is die persoon wat die name afgeskryf het? Was hy in uniform? ---Nee.

DIE KOMMISSARIS: Was dit een van die asptenare, of sonar 'n ander persoon? --- Sonar so'n ander persoon.

Nie een van die amptenare nie.

Was dit iemand wat jy ken? ---Ja, dit was 'n vrouspersoon. Ek ken haar.

KRUISVERHOOR HERVAT: Wie is sy? --- Mrs. Minzi.

Waar woon sy? --- Sy is woonagtig te Mbekweni.

In die getroude kwartiere? --- By die getroude kwartiere, ja.

DIE KOMMISSARIS: Het sy órens gewerk vir iemand? ---

Ek weet nie of sy vir iemand gewerk het, of wie die persoon was nie maar ek het gehoor toe 'n speurder van Worcester vir haar toe gesê het, "wat doen jy en waarom doen jy dit?"

Wat sê sy toe? --- Sy het nie geantwoord nie.

KRUISVERHOOR HERVAT: Sien, jy gee nou te kenne dat sy dit gedoen het sodat mr. le Roux die name van die getuies moet hê, nie waar nie? --- Ek weet nie of dit die rede was nie maar ek het haar gesien toe sy die name neergeskrywe het.

As jy dit dink, dan is dit 'n onsinnige gedagte want mr. le Roux kon die name van die getuies baie maklik kry van sy prokureur en sy advokaat, wat almal daar sit en skrywe en die name van die getuies afskryf en hulle getuienis afskryf? --- Ek het nie so gedink nie maar ek sal nou sê wat gebeur het met daardie nense. As een van daardie persone wat getuienis afgelê het, sy werk verloor, moet hy weer teruggaan na die kantoor-toe om papiere te kry om werk by 'n ander plek te gaan kry. Dan was daardie persoon weggejaag.

Bly nou eers by die vraag. Dinkjy daardie vrou het die name neergeskryf vir mr. le Roux se onthalwe sodat hy later, as die nense werkloos raak, hulle kan

wegstuur uit die Pêrel uit? ---Ja. Vir hierdie rede, enige persoon wat getuienis daar afgelê het en sy naam was neergeskryf - toe daardie persoon sy werk verloor het, was daardie persoon uit-geëndosseer.

Sien, mnr. le Roux kon self die name neergeskryf het. Sy prokureurs het die name neergeskryf. Sy advokaat het die name neergeskryf. Hoekom moet hy nou 'n vrou uit die getroude kwartiere kry om die name neer te skryf? --- Ek weet nie.

Van die mense wat teen hom getuienis afgelê het, is daar nog van hulle in die lokasie? --- Ek weet nie of daar nog van hulle is, of nie. Daarvan weet ek nie.

Ek stel dit aan jou dat nog 'n goeie persentasie van hulle daar oor is? --- Dit kan so wees.

Die rede wat jy vir ons gegee het vir die opmars - die tweede rede het te doen met mnr. le Roux se ontslag, nie waar nie? --- Dit kan so wees of dit kan nie so wees nie maar daar is een ding waarvan ek nie vergeet nie - hoe die ding gegroei het. Dit is een van die redes wat die ding laat groei het.

Wat watter "ding" laat groei het? --- Wat gemaak het dat die mense teen die Wet gaan.

Hoe weet jy dit is een van die dinge? --- Wel, ek hoor toe die mense sê "Ons is ontevrede".

Die mense wat gesê het hulle is ontevrede, is hulle van die mense wat teen die Wet was, wat oproer onder die mense probeer veroorsaak het? ---Ja. Dit is mense wat so gesê het - hierdie mense wat gearresteer is. Ek sal nie sê ver gaan om te sê dit is lede van Poqe nie want ek weet nie wie die lede van Poqe is nie.

Is hulle ontevrede daaroor dat mnr. le Roux ontslaan

is? --- Ja. Hulle was ontevrede daaroor.

Was hulle ook ontevrede dat mr. Bautenbach onskuldig bevind is? ---Ja.

En dat Wilson onskuldig bevind is? ---Ja.

En die ander Bantoe beskuldigdes? ---Ja.

As dit werklik 'n rede was vir al hierdie moeilikheid dan is dit vir my snaaks dat ons mense hier gehad wat deelgeneem het aan die opmars, wat sê dit het niks met die saak te doen gehad nie? --- Ek weet nie of dit so is nie. Wat ek sê, is net wat ek dink.

Sien, ons het hier mense gehad wat lede is van Poqo. Hulle sê by hulle vergaderings het mense nie gepraat van passe en van griewe oor die huise en sulke soort dinge nie. Hulle het gepraat van "Afrika vir die Bantoe"? --- Dan, as dit so is, die mense behoort aan hierdie ding en hulle moet daarvan weet.

Het die mense ooit met jou gepraat en gesê die witman behoort nie te regeer in Afrika nie. Die swartman behoort te regeer in Afrika? --- Nee.

Het jy nooit sulke praatjies gehoor nie? ---Nee.

Het jy nooit praatjies gehoor dat die mense nie 'n permit behoort te hê om van een plek na 'n ander te gaan of om werk te soek nie? ---Nee.

Het jy nooit gehoor mense praat die witmense het al die geld en die swartmense het niks nie? ---Nee.

Jy sien, as die redes wat jy vir ons sê jy dink verantwoordelik was vir die moeilikheid, reg is dan sou ek gedink het hierdie mense sou liewers vir mr. le Roux of die Munisipale eiendom gaan aanval het? --- Ek het my opinie aan die Hof gesê, en wat ek dink. As u so dink, dan weet ek nie.

Nee, maar ek vra vir jou. Dink jy nie ook so nie?

---Nee.

Hoekom nie? --- 'n Mens is nie dieselfde nie. Daar is dinge wat ek dink van my eie, en die advokaat het sy eie dinge wat hy dink. 'n Mens is nie dieselfde nie.

Jy het gesê as hulle die saak wil regmaak in die Pêrel, moet hulle eers almal wat in gesag is, afdank? --- Ja. Ek het so gesê.

Hoekom wil jy hulle almal afgedank hê? --- Ek het sy opinie gegee.

Sê maar weer vir ons, hoekom dink jy hulle moet almal afgedank word? --- Die rede waarom ek so sê - dit is nou my eie opinie - ek praat nou van wat ek sien. Ek praat nie van die sence wat die dorp aangeval het nie. Ek praat ook nie van sence wat hier in die Kaap is of van sence wat in Johannesburg is nie. Ek praat net in verband met Pêrel. Om stappe te neem, om te probeer om dié ding uit te roei, al kan die ding nie uitgeroei word by die ander plekke - dit is in die Kaap, Johannesburg of Fort Elizabeth nie - wat ek dink en sien, daar by ons in die Pêrel, as al hierdie sence wat nou in die Munisipaliteit is, uitgeneem is van daardie posisies, lyk dit vir my dié ding sal tot 'n einde kom.

Is daar dan nie een van hulle wat goed in sy werk is nie? Is daar dan nie een van hulle wat sy werk behoorlik doen nie? --- Die rede waarom ek sê sê is omdat (Interpreter: I am afraid I'll have to put it in English). To me it appears there will be a grudge always and as a result this thing will not come to an end.

Wie het die grief - is dit die owerhede wat dit teen sommige van die ander inwoners het, of is dit die inwoners

wat dit het teen die overhede? --- Hierdie "grudge" is by die outoriteite teen die mense.

Teen watter mense? --- Teen die inwoners en ook teen die mense wat getuienis afgelê het.

Wees nou net presies. Is hierdie "grudge" teen al die inwoners? ---Nee, nie teen al die inwoners nie maar teen sekere mense.

En wie is die mense? Is dit nou net die getuies van wie jy praat? --- Nie net teen die mense wat getuienis afgelê het nie maar mense wat daar in Pêrel woonagtig is - mense soos die mense wat gearresteer was en toegesluit was, en wie die Landdros laat loop het. Dit is die mense wat ek dink daar sal hierdie "grudge" teen hulle wees.

Die mense wat nou na die onluste gearresteer is? --- Ja, maar wat weer losgemaak het.

So jy reken die rede waarom almal uit die Munisipale diens ontslaan moet word, is omdat daar sal 'n "grudge" wees teen getuies wat teen mr. le Roux en die ander getuienis afgelê het en teen die persone wat nou gearresteer was in verband met die onluste en weer losgelaat is. Is dit reg? --- Dit is juis wat ek sê.

Dink jy as daar ander mense aangestel word, sal hulle nie 'n "grudge" hê teen die mense wat nou gearresteer en ontslaan is nie? --- Ek glo nie.

Hoekom sê jy dit? --- Wat is daar teen ons en hulle?

Hierdie mense is nie deur die Munisipale amptenare gearresteer nie, is hulle? Hierdie mense wat gearresteer is en losgelaat is, is nie deur die Munisipaliteit se amptenare gearresteer nie, is hulle? --- Dit is korrek.

Hoekom sê jy, het die Munisipaliteit se amptenare nou 'n "grudge" teen hierdie mense? --- Ek weet nie of die

advokaat verstaan of bewus is van die feit dat in daardie lokasie mense is wat daar woon sonder passe nie, en hulle is seuns en hierdie seuns het geen permitte om daar te wees nie en mense wat lankal uit-geëndosseer is, maar daardie mense is tans nog in die lokasie.

Wat het dit nou met die vraag te doen? --- Met my is dit dieselfde ding want daardie mense bly maar net daar in daardie lokasie omdat hulle prokureurs het wat vir hulle verteenwoordig. Dit is die rede waarom daardie mense in die lokasie is. Met ander woorde, daardie mense is teen die Munisipaliteit. Dit is nou die rede waarom ek sê, tensy van hierdie mense ontslae geraak kan word, kan hierdie ding nooit op'n einde kom nie want daar is altyd hierdie geveg tussen hierdie mense, daardie moeilikheid.

Sê jy dat hierdie mense wat daar sonder passe is, is van die mense wat gearresteer is en weet losgelaat is? --- Nee, ek sê nie so nie. Ek sê daar is mense wat daar bly. Dit is behalwe die mense wat gearresteer is en weet laat loop is.

Ek het vir jou gevra hoekom jy sê die Munisipale amptenare het 'n "grudge" teen hierdie mense wat gearresteer is en weer losgelaat is? --- Ek kan nie sê wat die rede is daarvoor nie maar een ding wat ek kan sê is, as hierdie mense terugkom, word hulle uit-geëndosseer. Wat die rede daarvoor is, weet ek nie.

As hulle nie werk het nie, word hulle uit-geëndosseer? --- Met ander woorde, sê u hierdie mense, toe hulle daar so gevang was, was dit omdat hulle nie gewerk het nie, of het hulle **nie** gewerk toe hulle gearresteer is nie?

Ek sê niks nie. Ek vra vir jou of hulle uit-geëndosseer is nadat hulle uit die tronk uit kom, as hulle nie werk het nie? --- Ek weet nie. Ek glo nie dit is so nie. Ek sien dit nie in daardie lig nie.

Sien, ek gaan nou oor na 'n ander punt.

- VERDAGING VIR MIDDAGETE -

DIE KOMMISSIE HERVAT OM 2.15 N.B.:

WILSON SONYONI, nog onder eed (deur tolk):

KWISVERHOOR DEUR MNR. GROSSKOPFF HERVAT: Jy was besig om vir ons te sê hoekom jy dink die mense by die kantoor het 'n "grudge" teen sommige van die Bantoe-inwoners van Mbekweni? --- Die rede waarom ek so sê is omdat my kennis is dat as sulke mense baklei, as jy daardie twee mense in dieselfde kamer toesluit, is die moeilikheid nie oor nie.

Maar die mense wat gearresteer is vir die optog en weer losgelaat is, het mos nie baklei met die mense in outoriteit in die lokasie nie, het hulle? --- Dit is nie in my oog om te sê die mense moet weggejaag word nie, want ek was gevra wat dink ek moet gedoen word en ek het gesê ek reken die beste ding sal wees dat hierdie mense weggejaag moet word - die wat in oedebektheid is.

Ja, maar as hierdie Hof nou enige waarde aan jou opinie moet heg, dan moet jy darem redes kan gee vir daardie opinie? --- Ek glo die Hof het my mooi verstaan van die begin af, wat ek gesê het. Dit was maar my opinie wat ek uitgespreek het.

En jy kan nie vir ons enige rede gee hoekom jy sê die mense wat nou in gesag is by die lokasie het 'n

"grudge" teen die mense wat gearresteer is en losgelaat is nie? --- Maar ek dink ek het mooi gesê, ek reken dit is nie net die mense wat gearresteer is en losgelaat is wat die outoriteite teen is nie. Daar is nog ander mense.

Wie is die ander mense? --- Wil die Hof graag hê ek moet nou die name van die mense gee - die mense waarvan daardie reg weggeneem is? Is dit wat u wil hê?

Wat ek graag wil hê is, watter soort mense sê jy het die outoriteite 'n "grudge" teen? --- U het my nie geantwoord nie. Ek het gevra of u wil hê ek moet die name van die mense verskaf - die mense van wie die reg geneem is. Dit is my vraag. Moet ek nou die name van daardie mense noem?

Ek wil nie die name van enige mense hê nie. Ek wil net graag weet - jy het reeds vir ons gesê jy dink nie hulle het 'n "grudge" teen al die inwoners van Mbekweni nie maar net teen sommige? --- Daar is ook ander mense behalwe die mense wat gearresteer is en losgemaak het. Daar is nog ander mense wat iets teen hulle het.

Vir watter rede het hulle iets teen hierdie ander mense? --- Ek sal nie kan sê wat die rede is nie, maar ek kan ook sê dat ek een van daardie mense is waar hulle so teen is. Daar is niks wat hulle aan my gedoen het nie.

Wat het hulle nou al ooit aan jou gedoen wat aantoon dat enigiemand teen jou is? --- Daar is niks wat hulle aan my gedoen het nie. Ek het nie 'n klagte teen hulle gemaak nie en ons is nie hier op 'n saak wat teen hulle is tussen ons twee nie.

Maar jy sê dan die mense in outoriteit is teen jou.

Vertel nou vir die Kommissaris...

Ek was nie van plan om alles op te bring nie. Sal u my verskoon, want ek wil dit nie doen nie.

Ek lei daarvan af, jy kan geen rede gee hoekom jy sê hierdie mense is teen jou nie? --- Dit is reg. U kan dit maar so stel.

En verder kry ek die indruk dat jy onverantwoordelike stellings maak, dat die owerhede teen sommige van die Bantoemense in die lokasie is sonder dat daar enige rede daarvoor is? --- Nee, dit is nie so nie.

Hoekom sê jy dan hulle is teen sommige van die mense? --- DIE KOMMISSARIS: Mr. Crosskopff, ek dink ons het daardie punt vër genoeg gevoer.

KRUISVERHOOR HERVAT: Net een of twee laaste punte: Dink jy as daar nuwe mense aangestel word om die lokasie te behartig dat hulle 'n meer aanvaarbare beleid sal volg wat die inwoners van Mbekweni betref? ---Ja, dit is wat ek dink.

Jy dink die mense sal dan in hulle huise mag eet? --- Nee, nie net dit nie. Of hulle in die huise eet of nie, as dit die Wet is, dit is reg.

Dink jy hulle sal dan nie uitgewys word as hulle hul werk verloor nie? Dink jy dat die Bantoe-inwoners van Mbekweni nie verbied sal word om die gebied te bewoon, as hulle hul werk verloor, as daar 'n nuwe bestuur is nie? --- Ek sê nie so nie. As dit die wet is - ek is nie teen daardie Wet nie. As dit moet gedoen word, moet dit gedoen word. Ek is nie teen daardie Wet nie.

In watter opsig dink jy dit sal beter wees as daar 'n nuwe bestuur is? --- Ek sê nog, ek was gevra wat kan gedoen word om dinge reg te kry. Ek het toe gesê wat ek dink. Ek het verder gesê al die inwoners van die

plek moet geroep word en 'n vergadering moet gehou word en die mense moet gesê wees wat is verkeerd en wat moet nie gedoen word nie.

As so'n vergadering van al die inwoners nou geroep word en aan hulle word gesê hulle moet nie panga's en spiese en wapens vat nie, en hulle moet nie in die dorp marsjeer nie en hulle moet nie mense doodmaak nie, dink jy dit sal help? --- Ja. Ek dink so.

Jy dink hulle het miskien nie geweet dit is verkeerd nie? --- Ek weet nie of hulle geweet het of nie.

MNR. GROSSKOPFF: Edelaagbare, ek sluit my kruisverhoor onderhewig aan enigiets wat mag ontstaan.

KRUISVERHOOR DEUR MNR. J. STEYN: Wilson, ek het van jou getuienis afgelei dat jy 'n wetsgehoorsame burger is, dat jy luister na die Wet? --- Dit is wat u aan my stel - ek sê ja, ek hoor dit.

Is dit korrek? --- Ek is nie 'n persoon wat teen die Wet gaan nie. Nou-en-dan, as 'n persoon kan ek ook 'n fout maak.

Ek het ook van jou getuienis afgelei, en ek wil graag hê jy moet vir my sê of dit korrek is, dat jy nie ten gunste is daarvan dat mense in die Mbekweni lokasie vergaderings en byeenkomste moet hou van die aard wat daar plaasgevind het gedurende die loop van verlede jaar nie? ---Ja.

En jy wil graag hê dat die Regering moet stappe doen om hierdie tipe van vergaderings te stop? --- Ja.

Ek het ook van jou verstaan - en jy moet vir my sê of dit korrek is - dat jy graag wil hê dat daar 'n strenge beheer uitgeoefen moet word oor mense wat die lokasie

En jy wil hê dat die Regering of die betrokke outoriteite moet stappe doen om die in- en uitgang by die lokasie te beheer? --- Ja.

Jy is hier uitgevra oor Poqo en jy het vir ons gesê jy weet niks van Poqo af nie? ---Ja.

Ek wil nou net vir jou 'n bietjie uitvra oor twee ander organisasies, of jy iets daarvan weet. In die eerste plek wil ek jou vra of jy iets weet van die African National Congress. Ek wil by jou weet of jy iets weet van die doelstellings of stremes van die African National Congress? --- Ek dra geen kennis daarvan nie. Ek weet ook nie wat die doeleindes daarvan is nie.

Ek het van jou getuienis verstaan dat verskeie groepe mense het by die Congress aangesluit tydens hulle verskuiving vanuit verskillende gebiede in die Pêrel. Is dit korrek? --- Ja.

En jy het geweet dat baie mense daarby aangesluit het? --- Ja.

Maar het jy dan nie vir hulle gevra waarom sluit hulle by die kongres aan nie, wat kan die Kongres vir hulle doen nie? --- Party van die mense het ek gevra.

Wat het hulle gesê, wat gaan die Kongres vir hulle doen? --- Hulle het gesê hulle het aangesluit by die Kongres sodat die Kongres vir hulle kan uitvind wat die rede was vir daardie mense wat verskuif was van hulle plekke en daar in die oop veld gegooi was.

Maar het hulle nie vir jou gesê wat die doelstellings en die stremes van die African National Congress was nie? ---Nee.

Het jy dan nie vir hulle gevra nie? --- Ek het nie.

Maar jy het tog belanggestel daarin? Hoekom het

Jy nie vir hulle gevra "Wat is die organisasie wat julle by aansluit?" nie? --- Nee, ek het nie. Ek was nie in die organisasie self geïnteresseerd nie.

Maar jy het vir ons beskrywe, verskillende groepe van mense wat van verskillende plekke af gekom het wat aangesluit het en jy het geweet daarvan? --- Waarvandaan was hierdie mense?

Dit blyk uit die getuienis dat hulle uit verskillende gebiede van die Pêrel, vanuit die plakkerskampe gekom het? En hulle is na Lengabuya verskuif vanaf die plakkerskampe? --- Nou verstaan ek.

As jy dan niks weet van die doelstellings of strewe van die African National Congress nie, wil ek vir jou vra omtrent 'n ander organisasie. Het jy al gehoor van die Pan Africanist Congress - die P.A.C.? --- Nee. Ek het nog nooit daarvan gehoor nie.

Jy het nooit gehoor daarvan nie? --- Is dit nie 'n Kongres nie?

Dit is die Pan Africanist Congress maar hulle noem dit somer vir kort P.A.C.? --- Nee, ek hoor maar en sien net Kongres en dit is verder iets wat ek geen notisie van neem nie.

Ken jy vir mev. Pearce wie hier getuienis afgelê het - mev. Anna Pearce? --- Ek ken haar nie. Ek sal nie sê ek ken haar nie, want ek sien haar net van ver af.

DIE KONNISSARIS: Het jy haar gesien hier by die Hof? Sy het net voor jou getuig? --- Nee.

KRUISVERHOOR NERVAAT: Waar het jy haar gesien? --- Ek het haar gesien by ons kantoor. Sy het daar gekom in 'n kar en daar was vrouens in die kar gewees. Hulle is verby my huis en sy het haar kar tot stilstand

gebring voor die kantoor en ek kon sien van my huis af want my huis is nie ver van die kantoor nie.

Hoe het jy geweet dit is mev. Pearce? --- Ek het net geweet sy is mev. Pearce toe ek gesien het of geles het in die koerante dat dit 'n vrou is van Wellington.

Ken jy enige lede van die Pan Africanist Congress?

--- Hee.

Sien, mev. Pearce het voor sy Edele, die Kommissaris getuienis afgelê en sy het gesê - ek haal aan van die notule op bladsy 817: "Apparently every one of them, pretty well, I am told, belonged to the P.A.C. in Mbeikweni". Wat sê jy van daardie stelling van mev. Pearce? --- Ek weet niks daarvan nie.

Ons het dit dan dat jy niks weet nie, behalwe dat sommige mense aangesluit het by die African National Congress; dat jy nog nooit eers gehoor het van die Pan Africanist Congress, die P.A.C., nie. En ons weet ook dat behalwe dat jy gehoor het van die "ding", soos jy hom noem - Pogo - weet jy niks van Pogo af nie? ---Ja.

Ek wil dit net aan jou stel dat dit vir my ietwat eiensaardig voorkom dat jy kennis sou dra van al die griewe en die klagtes wat jy in besonderhede aan sy Edele meegedeel het maar dat jy geen kennis dra van hierdie politieke organisasies nie? --- Ek weet die dag toe die Hof te Pôrel gewes het, was die inwooners gevra, die wat dink of weet wat hierdie moelikhed veroorsaak het, moet na vore kom met hulle kennis. Ek het na vore gekom om vir die Hof te sê wat ek van weet en wat ek dink **kon** die ding veroorsaak het - nie dat ek 'n lid is van enige politieke organisasie nie.

Ek het nie vir jou gevra of jy lid was van enige

van daardie politieke organisasies nie. Ek het vir jou gevra of jy kennis dra in verband met hulle doelwitte en wat hulle wil bereik en ek sê ek vind dit eienaardig dat jy niks van daardie dinge af weet nie? --- Dit is vir my moeilik want ek vertel net wat ek dink of wat ek van weet. Dit mag wees dat dit eienaardig is vir die advokaat maar dit is al wat ek kan sê.

Kan jy vir my geen verduideliking gee dat jy, wat reeds soveel jare in Mbekweni bly en die mense se probleme ken, vir my niks kan sê, óf van die lidmaatskap van hierdie bewegings of wat die doelwitte is nie? --- Ek dra geen kennis nie. Ek wil nie dinge sê wat ek nie van weet nie.

Ek wil dan net handel met jou besoek aan kol. Carstens, wat geskied het op die 4e Mei 1962. Kol. Carstens het afgeskryf toe jy vir hom kom sien het en ek kan vir jou die datum gee - dit was 4 Mei 1952. Kol. Carstens sê vir my, en ek wil dit aan jou oordra, dat jou deputasie het kom kla oor toestande in Mbekweni? --- Ja.

Meer besonderlik het julle beweer dat die jong manne ruk handuit? --- Dit is korrek.

En die deputasie waarvan jy lid was, het kol. Carstens versoek of die Suid-Afrikaanse Polisie dan nie asseblief die beheer van die lokasie sal oorneem nie? --- Ja.

Voordat ek verder gaan in verband met die besoek aan kol. Carstens is daar net iets wat ek wil duidelik kry voordat ek vir jou verder **daaromtrent vra**. Ek wil net onderbreek op hierdie stadium en teruggaan na iets anders. Jy het aan sy Edele, die Kommissaris, gesê dat jy van hierdie ding, Pogo begin kennis dra het reeds

van die begin van verlede jaar? --- Ja.

Jy het op bladsy 841 gesê dat jy reeds, toe die mense na die Munisipaliteit is met die deputasie, al gehoor van die ding, Poqo? ---Nee, dit was nie my woorde nie. Ek het gesê ons het gesien daar is iets wat aangaan maar op daardie tydstip het ons nie geweet wat dit was nie.

"Ons het toe vir die mense gesê hulle moet nou vir die 'Town Council' gaan sê dinge loop werklik verkeerd. Op daardie tydstip het daar nou die ding uitgekom - 'n ding wat ek nie geweet het nie - die ding 'Poqo'. Is dit moontlik dat daar 'n fout gekom het, dat jy eers later daarvan gehoor het as 1960 of wanneer het jy vir die eerste maal daarvan gehoor? --- Die naam "Poqo" self het ek eers gehoor verlede jaar.

Dit is soos ek vir jou verstaan het in antwoord op sy Edele vroeër vanoggend - aan die begin van 1962? --- Ja.

Dit is in elk geval duidelik dat jy kennis gedra het van die ding, Poqo, reeds toe jy kol. Carstens gaan besoek het op die 4e Mei 1962? ---Ja, ek het al op daardie tydstip geweet van die ding, Poqo maar ek het nie geweet wie is die lede van die ding, Poqo en wie is nie die lede van Poqo nie.

Ek gaan nou terug na die besoek aan kol. Carstens op die 4e Mei.

DIE KOMMISSARIS: Die jong manne wat jy genoem het, wat hande uitruk - het jy gedink of gewest of hulle misdien aan Poqo behoort? --- Wie?

Jy het vir die advokaat netnou gesê - toe hy vir jou gelees het wat julle by kol. Carstens gaan doen het,

het jy gesê julle het kom kla oor die toestande in Mbekeeni lokasie en gesê "Die jongmense ruk bande uit"?

---Ja.

Was dit lede van Poqo? --- Ja.

Het jy gewet hulle is lede van Poqo? ---Nee, ek het nie gewet dat hulle lede van Poqo was nie. Ek hoor maar net party van hulle is lede van Poqo.

Wanneer het jy dit gehoor? --- Voor ek na kol.

Carstens gegaan het. Die eerste dinge wat ek opgelet het, was daar was "drill" en mense wat gesing het, en daarna het ek gehoor van daardie mense dat die mense wat daardie ding gedoen het, is lede van Poqo. Ek het nie daardie mense geken nie - ek was nie naby daardie mense om hulle te ken nie want hulle was 'n distensie weg van my. Dit was daar onder maar ek het gesien daar is iets aan die gang daar onder. Toe het ek gehoor daardie mense wat daardie ding gedoen het, is lede van Poqo.

Jy sê jy het hierdie dinge gesien voordat jy na kol. Carstens gegaan het en jy het eers agterna gehoor dit is Poqo? ---Nee, dit is nie so nie. Ek het eers die "drill" gesien en die singery en toe het die mense my gesê daardie mense wat daar "drill" en sing, is lede van Poqo. Toe is ons na die kolonel. Maar ek het nie die mense self wat daar deelgeneem het, geken nie.

KRUISVERHOOR HERVAT: Jy sien, die belang daarvan is dit: Kol. Carstens deel my see jy het ook aan hom geneem die geraas en die gesingery in die nag? ---Ja.

En ook in verband met die vergaderings? ---Ja.

En hy sê hy het toe aan jou gesê of jy nie weet wie of watter organisasie verantwoordelik is vir hierdie vergaderings wat daar gehou word nie? ---Ja. Hy het my

dit gevra.

Jy het toe aan hom gesê dat julle nie weet nie? Maar dat julle sou probeer uitvind? --- Ja. Dit is korrek.

DIE KOMMISSARIS: Maar julle het gewest? --- Ek was nie - ek het nie daaraan gedink om 'n ding te noem wat ek nie van seker is nie. Die rede waarom ons nie van plan was om dit te noem nie, was, ons het verder aan kol. Carstens gesê ons gaan probeer uitvind. Ons was van plan om die leier daarvan in die hande te kry en van hom uit te vind wat die posisie is en wat die ding werklik is.

KRUISVERHOOR HERVAT: Maar dit sou mos nie julle opset skade aangedoen het om vir kol. Carstens in julle vertroue te neem en vir hom te sê die organisasie waarmee julle moeilikheid het, se naam is "Poqo" nie? --- Ja, daar was groot moeilikheid wat daaruit kon gespruit het. 'n Persoon sou maklik doodgemaak kon geword het.

So die korrekte posisie is dit - moenie bang wees om dit te sê nie: Julle was bevrees om enigiets te sê in verband met hierdie geheime organisasie, Poqo? --- Dit is korrek. En ons het verder gesê aan die kolonel, hy moet asseblief tog ons name nie laat uitkom in die koerante nie omdat ons doodgemaak sal word.

Vir dieselfde rede, vermoed ek, het julle jul belofte om weer terug te kom na hom-toe met verdere informasie, nie gestand gedoen nie? --- Dit is korrek. Ons het nie weer teruggegaan nie.

DIE KOMMISSARIS: Omdat julle bang was? ---Ja.

Vir Poqo? ---Ja.

En het dit te doen met hierdie ding wat jy gesê

het toe Wilson jou naam so hard uitgeskree het in die lokasie? --- Dit is juis die rede. Ons het toe gevind die ding is nou uit, mense weet nou daarvan.

En Wilson het jou naam uitgeskree en gesê die Poqo-mense soek vir jou? ---Hy het gesê lede van Poqo soek daardie mense wat gegaan het na die Polisie.

En hy het dit vir jou op so'n manier gesê dat jy jy gedink het hy wil jou naam uitbring? --- Ja.

KWISVERHOOR HERVAT: Met in verband met die kwessie wat jy van gepraat het, oor permissie en die permissie: Het jy die versoek gestel aan kol. Carstens dat die Suid-Afrikaanse Polisie moet die lokasie oorneem? Die munisipaliteit moet nie langer beheer hê daaroor nie; die Polisie moet dit oorneem? --- Nee, ek het dit nie so streng gestel nie. Ek het gesê ons wil graag hê die Polisievangua moet daar patrolleer.

Kol. Carstens sê vir my dit was eintlik jou versoek gewees, dat die Polisie dit moet oorneem en hy het toe vir jou gesê hy kan nie, dit is die Munisipaliteit wat die lokasie moet beheer? --- Dit kan wees dat die woorde wat ons gebruik het, hom daardie indruk gegee het maar dit was nie die bedoeling nie. Die bedoeling was, hulle moet ons help - 'n "van" moet daar patrolleer en dit het wel so gebeur. Die "van" het daar patrolleer.

Was daar iemand by gewees by hierdie gesprek wat getolk het of het julle self met die kolonel gepraat? --- Ons het nie 'n tolk gehad nie.

Is dit moontlik dat julle mekaar miskien **misverstaan** het? --- Dit is moontlik.

Want die kolonel sê vir my daar was nooit enige kwessie gewees dat hy sou gesê het hy kan nie in die

lokasie gaan sonder 'n persit nie. Dit sou mos verspot wees? --- Dan is dit miskien dat ek hom misverstaan het.

Kan jy net vir my sê, waar bly Wilson? --- Watter Wilson, nou?

Wilson, die hoofman? --- Tussen Laugabuya en Nhekweni, daar op die plaas.

Waar bly die Munisipale Polisie? --- By dieselfde plek waar Wilson woonagtig is.

Ek wil net graag nog een ding met jou opper. Dra jy kennis van die feit dat kol. Carstens en drie van sy Polisie-amptenare - twee Naturelle polisie-amptenare en een blanke - op 14 April, dit is ontrent drie weke voor jou besoek aan kol. Carstens, die lokasie besoek het en aangerand is? --- Ek het daarvan gehoor.

Hulle het in die nag daar op 'n vergadering afgekom? --- Ja.

En hulle is toe deur die Naturelle daar onder die klippe gestee? --- Ek het daarvan gehoor.

Dra jy kennis daarvan dat die een Naturelle Polisie-amptenaar sowel as een blanke baie ernstig beseer is in daardie aanranding? --- Hee, ek het nie persoonlik kennis daarvan nie behalwe wat die kolonel persoonlik aan my gesê het, dat hy geskiet was in die era. Van wat ek gehoor het, was daar 'n sersant, 'n Naturel, Stnewana wat 'n oop wond op sy kop gehad het - hy en die kolonel. Dit is die enigste twee persone van wie ek gehoor het, dat hulle aangerand was.

GEEN VERDERE VRAE NIE.

KRUISVERHOOR DEUR MNR. VIVIERS: Ter aanvulling van die vrae wat my geleerde vriend, mnr. Steyn, aan jou gestel het, sou jy graag wou hê dat die Suid-Afrikaanse

Polisie beheer van die lokasie oorneem? --- Nee. Ek voel ek kan daardie vraag nie antwoord nie. Dit is 'n bietjie te veel vir my. Dit is vir die Regering om sulke dinge te besluit.

DIE KOMMISSARIS: Sal jy bly wees of jammer wees, as die Suid-Afrikaanse Polisie oorneem? ---Ja, ek sal bly wees want ons het altyd gehoop by die ou kantoor sal daar 'n Polisie-stasie wees.

KRUISVERHOOR HERVAT: Dink jy die mense van Mbekweni sal dan gelukkig wees as die Polisie die beheer van die lokasie oorneem? ---Ja. Die Polisie is mos nie vyandig-gesind teenoor die mense nie. Dit is die kwaaddoeners - hulle is net vyande van die kwaaddoeners.

Is die Munisipale amptenare by die lokasie, vriende van die mense? --- Ek weet nie.

Na die ontevredenheid oor mnr. le Roux se ontslag, is daardie Munisipale amptenare, vriende van die lokasie? --- Ek sal nie van die ander mense praat nie. Ek sal maar liewers van myself praat.

Wat is jou eie gevoel oor daardie mense? --- Ek het niks teen hulle nie.

DIE KOMMISSARIS: Ek wil nou hê jy moet hierdie vraag van die advokaat mooi antwoord. Moet nie bang wees om die vrae te beantwoord nie, al is dit net jou opinie, want jy help vir ons deur ons jou opinie te gee, sien?

KRUISVERHOOR HERVAT: Was jy self gelukkig gewees toe mnr. le Roux na sy ontslag weer aangestel is in die lokasie? --- (Tolk: U Edele, ek weet nie of die getuie die vraag mooi volg nie want hy sê "Ek het nooit moeilikheid met hulle gehad nie". Ek weet nie of by die vraag mooi verstaan nie).

DIE KOMMISSARIS: Was jy bly, of jammer toe mnr. le Roux weer teruggekóm het na die lokasie-toe, na die hofsaak? --- Daar is niks wat ek het teen mnr. le Roux nie maar ek het nie gelukkig gevoel dat hy weer moes terugkóm en toesig hou oor die lokasie nie.

En die ander Bantoes, hoe het hulle gevoel? --- Ek weet van sekere mense wat dieselfde opinie as ek gehad het teen mnr. le Roux - die mense wat geld verloor het. Ek weet nie van die algemene publiek, wat hulle gedink het omtrent die hele ding nie want ek het hulle nie gevra nie.

KRUISVERHOOR HERVAT: Sien, jy het gesê "Ons het ongelukkig daartoe gekóm om mnr. le Roux nie te vertrou nie". Dit is wat jy gesê het in jou getuienis. Was dit die gevoel van die mense of was dit nie die gevoel van die mense nie? --- Ek sal nie sê dit was die gevoel van die mense nie want ek het nie met al die mense daaromtrent gepraat nie.

Maar die mense met wie jy gepraat het, was dit hulle gevoel of was dit nie hulle gevoel nie? --- Dit was die gevoel van die mense.

Die "runner" van wie jy praat na wie jy die twee mense gense het en vir wie jy R24 elk betaal het, weet jy vir wie hierdie man 'n "runner" was? --- Nee, ek het nie geweet wie se persoon hy was nie.

DIE KOMMISSARIS: Het jy geweet dit is 'n skelm ding, dat hulle geld van die mense vat? --- Ja.

KRUISVERHOOR HERVAT: Het jy gedink die "runner" hou die geld vir homself, of gee hy dit vir 'n ander man? --- Ek het gedink hy werk vir 'n ander man - hy gee die geld aan iemand anders.

Hoe het jy gedink, wie is daardie ander man? --- Ek het nie geweet wie die persoon was nie maar die "runner" het gesê hy sal sien dat die mense gehelp word.

Hoe het die "runner" gesê, vir wie gee hy die geld? --- Ek het hom nie gevra nie.

Hoe het jy gedink, vir wie gee die "runner" die geld? ---Nee, ek kan nie sê wat ek gedink het nie want ek kan verkeerd ding - ek kan dink hy gee dit vir so-en-so, en dit is verkeerd.

DIE KOMMISSARIS: Jy kan maar verkeerd dink. Ons wil hê jy moet die vrae beantwoord. Dit lyk vir my asof jy nou 'n bietjie bang begin te word om die vrae te beantwoord? ---Nee, ek is nie bang nie maar ek dink die beste ding wat sal help om hierdie probleem op te los, is om die "runner" self in die hande te kry. Hy sal vir ons sê.

Maar sal ons hom nou kry? --- Die "runner" is nie hier nie, maar hy is daar in die lokasie.

Ken jy hom? ---Ja, ek ken hom.

KRUISVERHOOR HERVAT: Maar as jy nie bang is nie, sê vir ons wie jy gereken het, wie die geld kry? --- Ek was gevra om die name van die mense te noem wat in hierdie oëlikheid beland het, en hulle was by. Wat ek nie wil doen nie, is dit: Ek wil nie sê ek dink die mense wat die geld ontvang het is so-en-so nie. Ek wil dit nie doen nie.

DIE KOMMISSARIS: Kan jy vir ons sê, waarheen dink jy het die geld gegaan? --- Ek het gedink die "runner" het die geld geneem en die persoon wat die **geld nou gekry** het, is die persoon wat die pas reggemaak het.

KRUISVERHOOR HERVAT: Iemand in die kantoor? ---Mense wat die passe reggemaak - mense wat in die kantoor is.

Maar dan kan ek nie sê wie die persoon is nie.

Maar die naam aan wie jy gedink het, is dit een van die vyf wie se name jy genoem het, wat aangekla was? ---

Ja. Dit is wat ek dink. Ek wil maar nie 'n raai maak nie, dit is die rede waarom ek die vraag so antwoord.

Jy het gesê jy het gewet dat mense op die le Roux's se plaas gewerk het - dit is die plaas in die Onder Pêrel oorkant die rivier? ---Ja.

Hoe het die mense daar gekom om daar te gaan werk op die plaas? --- Dit was mense wat van die buiteland gekom het.

Hoe het die mense van die lokasie op die plaas gekom om daar te gaan werk? --- Ek het eers gesien dat nadat die mense hulle kontrakte voltooi het, was hulle geneem op vragwaens na die plaas-toe.

Wie se vragwaens? --- Die eerste vragwa wat ek gesien het die mense vervoer, was bestuur deur ene Qumsa - Reggie Qumsa.

Was dit sy eie vragwa gewees? ---Ja, dit was sy eie.

Het die mense die twee weke die healtyd op die plaas gebly, of is hulle elke dag teruggebring na die lokasie? --- Ek het nie kennis hoe die mense teruggekom het nie, want daar was party van die mense wat ek gesien het, saans in die lokasie maar ek het nie gewet hoe die mense teruggekom het van die plaas na die lokasie nie.

Terwyl die kontrak nog aan die gang was, het jy hulle saans in die lokasie gesien? --- Daar was party van hulle wat ek in die lokasie gesien het.

Weet jy hoe daardie vyf mense van wie jy ons vertel het, hulle perмите gekry het? Het hulle na die kantoor gegaan of aan wie het hulle hul boekies gegee om reggemaak

te word? --- Die watter mense?

Die vyf wat gewerk het vir die permitte, wat jy ons van vertel het? --- Die mense, die vyf wat ek van gepraat het, nadat hulle kontrak klaar was, het hulle gegaan na die kantoor en daar het hulle permitte gekry, by die kantoor.

Het hulle vantevore hulle boekies ingegee by die kantoor? ---Nee, daarvan weet ek nie.

Jy het vir ons vertel van die "grudge" wat die Munisipale mense daar gehad het teen die inwoners, seker van die inwoners van die lokasie. Die mense met wie jy gepraat het wat nou ontevrede was oor mnr. le Roux, het hulle ook 'n "grudge" teen die owerhede gehad as gevolg van hierdie pas-kopery? --- Ons?

Ja? --- Al het ons nie, ons is ook by. Maar ons het mos nie pas gekoop nie.

Maar het julle 'n "grudge" gehad teenoor die owerhede omdat sulke dinge toegelaat is om aan te gaan?

--- Ons was nie tevrede daaromtrent nie.

Het julle sleg gedink van die owerhede, daarvoor? ---

Ja. Ons het sleg gevoel want ons het gewet hierdie mense is arm en die mense het groot skulde gemaak by hulle huise voordat hulle hierheen gekom het en tog, as hulle hier nou weer kom, moet hulle nou weer skulde maak. Ons het sleg daaromtrent gevoel.

GEEN VERDERE VRAE NIE.

KRUISVERHOOR DEUR MNR. v.d. BERG: Jy het vir ons gesê dat daar mense aangesluit het by die African National Congress, nie waar nie? ---Ja.

Watter jaar was dit? --- 1952. As dit nie 1951 was nie, dan was dit 1952 toe die mense van daardie

lokasies verskuif was.

Was dit toe die eerste keer dat jy gehoor het van die African National Congress? ---Nee, dit was nie die eerste keer om van die African National Congress te hoor nie.

Jy het toe al gewet die A.N.C. bestaan? ---Ja, ek het daarvan gewet en ek het ook gewet daar was lede van die A.N.C. te Huguenot.

Het daar baie mense aangesluit by die A.N.C. as gevolg van die ontevredenheid by Langabuya? --- Daar was die eerste mense wat verskuif was na Langabuya en dan was daar die tweede mense wie se huise ongery was met hierdie trekkers. Die mense by die lokasies te Daljosaphat was ontevrede daarmee en meeste van daardie mense het aangesluit by die African National Congress.

DIE KOMMISSARIS: Die mense van Daljosaphat, of ook die ander? --- Ek is nie seker van die ander lokasies nie maar ek is seker van die mense van Daljosaphat se lokasies.

Die meeste, as jy, het aangesluit? ---Ja. Die meeste van daardie mense het aangesluit by die Kongres.

KRUISVERHOOR HERVAT: Het jy enige belang gestel in die A.N.C.? --- Nee.

Maar jy het darem gewet wat die A.N.C. is en wat hulle doen, nie waar nie? --- Ek het maar net gesien en gehoor, maar ek het nie gewet wat hulle doen nie.

Weet jy lateraan in 1959 het 'n sekere deel van die A.N.C. weggebreek, wat hulle genoem het die Pan African Congress? --- Nee, ek dra geen kennis daarvan nie.

Jy weet niks daarvan nie? --- Nee.

Ek wil net vir jou nog twee of drie vrae vra

Ek wil net vir jou nog twee of drie ander vrae stel. Jy sê in jou getuienis: "Hulle keer ook nie hierdie groot vragweens wat inkom voor nie". Dit is nou wat jy gehad het teen die mense daar in die lokasie. Jy het dit gesê, nie waar nie? Dit is op bladsy 844? --- Dit is korrek.

Is dit mense wat jy nie vertrou het nie? --- Dit is korrek - die mense wat ek nie vertrou het nie, maar ek het nie geweet wie die mense is nie.

Jy het gladnie gehou van die mense wat daar met die groot vragweens inkom nie? --- Ja.

En jy sê verder, "Partysaal sien ons groot busse wat uitgaan by Mbekweni lokasie en ons dra geen kennis waar hierdie mense of hierdie busse heen gaan nie". Het jy ook nie van daardie mense gehou nie? --- Ja.

Het dit dan vir jou gelyk soos A.N.C. mense, of soos mense wat gevaarliker is as die A.N.C.? --- Nee, ek weet nie wat om te sê nie want hierdie mense met die groot vragweens het gekom en kom staan voor die ou Administrasiekantore, dit is nou daar voor die melkery en die jongspan van die enkelkwartiere het daar opgeklim en hulle is toe daar weg. Ek weet nie of dit wel African National Congress was, of wat dit was nie.

Het jy nie gehoor dit is Pogo mense daardie nie? --- Nee, ek het nie gehoor nie.

GEEN VERDERE VRAE NIE.

VERDER KRUISVERHOOR DEUR MNR. GROSSKOPFF: Wilson, ek sal net graag wil weet presies wat jy uit jou eie kennis weet en wat jy van ander mense gehoor het. Jy het nou pas vir my geleerde vriend, mr. Viviers, gesê dat jy gesien het dat nadat mense kontrakte voltooi het,

Al is dit vir jou miskien moeilik om te verduidelik, wil ek graag hê dat jy kortliks moet sê waarom jy hierdie gevoel het? ---Nee, ek sal u vra om my te verskoon. Ek voel ek wil nie daarop antwoord nie. Ek voel ek staan hier, nie dat ek 'n klagte teen die owerhede gelê het nie of hulle 'n klagte teen my gelê het nie. Ek het net hier gekom om te probeer help om te vind hoe dit gekom het dat 'n ding soos hierdie daar ontstaan het. Ek reken dat sy Edele hier gekom het om uit te vind of en ek het net hier gekom om hom te help om tot 'n beslissing te kom, waar hierdie moeilikheid begin het. Dit is al.

GEEN VERDERE VRAE NIE.

DIE KOMMISSARIS: Wilson, baie dankie dat jy kom getuennis gee het hier. Ons is jammer dat dit so baie van jou tyd gevat het, maar jy het ons baie gehelp en ons is baie bly en dankbaar dat jy gekom het.

- DIE KOMMISSIE VERDAAG TOT 22.1.63. -
om 9.15 v.m.

is hulle op vragwaens na 'n plaas gencee. Is dit so? ---
Ja.

Die kontrakte waarna jy verwys, is dit nou op skrif,
is dit 'n stuk papier? ---U bedoel die een dat hulle daar
moet gaan werk?

Ja? ---Nee, ek weet nie of dit skriftelik gestel was,
en of dit mondelings was nie.

Jy sê jy het gesien daar gaan vragwaens vol mense
daar weg. Hoe weet jy dat dit mense is wat kontrakte
voltooi het? --- Ek het die mense gesien en die Qussa het
ook gesê "Ek werk met mense op mnr. le Roux se plaas daar
te Onder-Pôrel".

Hoeveel mense was daar op so'n vragwa? ---Nee, ek
het die mense nie getel nie.

Skat maar vir ons, min of meer? --- Ek weet nie.
Dit is moeilik vir my om te skat. Dit kon daar by 14 of
15 mense gewees het. Ek is nie seker nie.

Is dit nou 'n lang tyd gelede wat jy van praat? ---
Ja. Toe dit by my eerste gekom het, en ek gewest het van
hierdie passe.

Maar is dit 'n lang tyd gelede dat jy die vragwaens
vol mense gesien het? --- Ja. 'n Heel ruk terug.

En het jy meer as eenkeer so'n vragwa vol mense ge-
sien? --- Waarheen?

Heel as een keer hierdie vragwaens, bestuur deur
Qussa, wat Qussa gesê het gaan na mnr. le Roux-toe? ---
Nee, ek sal nie kan sê hoeveel keer ek dit gesien het nie
want dit is 'n heel ruk terug.

Het jy enige rede om te sê dat hierdie mense op
hierdie vragwaens, of enige van hulle nie deur mnr. le
Roux betaal was nie? ---Nee, dit kan nie van my verwag

word om te weet daarvan nie. Die persoon wat daardie inligting kan gee, is die persoon wat die geld moes ontvang het.

Ek verstaan ander boere het ook partymaal werksveldk daar kom kry by die kantoor en vir werklose Naturelle is dan permitte verkry en aan die boere uitverhuur? --- Ja.

GEEN VERDERE VRAE NIE.

HERVERHOOR DEUR MNR. KING: Wilson, jy het vir ons vertel van mr. Joubert wat die mense wou gehad het as superintendent? ---Ja.

Het hulle vir die mr. Joubert geken - ek praat nou van die Santosense? ---Ja.

Het hulle van hom gehou? ---Ja. Die mense het van hom gehou. Hy was 'n ou lid van die Polisie te Pêrel.

En dit is die rede, is dit nie, dat hulle vir hom wou gehad het en nie vir mr. le Roux nie? ---Nee, ek kan nie saamstem nie want toe die mense gesê het hulle wil vir mr. Joubert hê, was mr. le Roux nog nie op daardie tydstip daar nie.

Het anderwoorde, was hulle nie van voor af teen mr. le Roux nie? --- Dit is korrek. Hulle was nie teen hom nie, hulle het hom nie geken nie en die lokasie was ook nog nie daar nie.

Jy het gesê jy voel die owerhede is teen jou. Toe het my geleerde vriend, mr. Grosskopff, gevra of jy die rede daarvoor kan gee - waarom jy daardie gevoel het. Jy was toe onwillig om die redes te gee en as gevolg daarvan het my geleerde vriend, mr. Grosskopff, dit aan jou gestel dat hy die afleiding daarvan maak dat jy glad geen rede het nie? Ek wil nie hê jy moet nou voor sy Edele staan as iemand wat iets voel sonder rede nie.

Collection Number: AD1901

**SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS, Security trials Court
Records 1958-1978**

PUBLISHER:

Publisher:- Historical Papers, University of the Witwatersrand

Location:- Johannesburg

©2012

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand.